

Lekkerbekkie Nuusbrief

15 APRIL 2015 | UITGAWE 96



Inhoud:

- * Kinderstorie: Die seesokkies
- * Produk van die week: Pasop vir die Bommelman!
- * Inkleurentjie: Die seesokkies

annaemm
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Die seesokkies deur Corlie Putter

Dis 'n koue dag in die see. Die seeperdjie wil haar een pienk seesokkie aantrek sodat haar stertjie kan warm bly, maar sy kry dit nêrens nie. Waar kan dit wees? Sy trek toe maar haar serpie aan, en besluit om vir haar maatjie, die krappie, te gaan vra of sy dalk een van sy sokkies kan leen. Maar by die krappie se huisie maak niemand oop nie. Versigtig stoot seeperdjie die deurtjie oop en daar sien sy die krappie onder die bank rondkruip.

“Wat maak jy?” vra sy verbaas.

“Ek soek my rooi seesokkies!” kla die krappie. “Kyk net hoe bewe my knypertjies van die koue!”

Die tweetjies besluit toe om na die seeskilpad se huis toe te gaan - miskien het hy vir hulle ekstra seesokkies om te leen. Maar die seeskilpad sit diep in sy dop ingetrek en bewe van die koue. Hy het ook nie sokkies aan nie!

“My pers seesokkies is weg, en nou kry my voetjies koud!” bewe die seeskilpad met blou lippies.

Die seeperdjie krap haar koppie... Dis darem vreemd dat almal se seesokkies op dieselfde tyd weggeraak het! Hier is iets snaaks aan die gang.

Oorkant die pad hoor hulle iemand vrolik sing. Dis die seekat, en terwyl hy sing grawe hy in sy seetuintjie rond vir mossels. Hy lyk baie tevrede en glad nie koud nie!

Maar raai wat sien hulle nou? “Kyk net daar!” roep die seeperdjie opgewonde uit. “Die seekat het my pienk seesokkie aan!”

Die krappie en die seeskilpad kyk nou ook, en ja sowaar! Die seekat swem te lekker met seeperdjie se pienk seesokkie aan sy een tentakel! Maar dit is nie al nie... Aan sy ander tentakels dra hy ook die krappie se rooi seesokkie en die seeskilpad se pers seesokkies! So 'n karnalie!

“Jy is die sokkiedief!” raas die seeperdjie. “Wat maak jy met ons sokkies, Seekat? Op so 'n koue dag!”

Die arme seekat lyk nou baie skaam. Hy wil graag verduidelik. Hy wink vir hulle om by sy huisie in te kom. Op die eetkamertafel staan 'n pot heerlike warm mosselsop! Dit ruik baie lekker...

“Ek het vir julle sop gemaak,” sê die seekat skaam. “Die pot was BAIE warm, en toe leen ek julle seesokkies sodat my tentakels nie brand nie.”

Maar dit maak nie meer saak nie. Niemand is meer kwaad nie! Hulle val weg en eet die heerlike warm mosselsop. En sommer gou kry niemand inelkgeval meer koud nie.

Verdien 'n ekstra inkomste in 2015 deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstorie-produkte!

Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Produk van die week

Pasop vir die Bommelman!

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek www.AnnaEmm.co.za vir 'n volledige katalogus.

Die Bommelman woon in die poeletjies by die see, en as jy nie kyk nie, steel hy jou goed! Hy druk dit in sy groot streepsak en jy sien dit nooit weer nie - sonbrille en sonbrandolie en lekkergoed en plakkies... Maar toe Juffrou Susantie se skoolklassie vir hulle see-uitstappie opdaag, loop die Bommelman sy rieme lelik styf! Koop jou Bommelman-CD + A4 Pretpak hierdie week @ slegs R100! (Gewone pryse: CD R95 | Pretpak R20) by enige AnnaEmm agent – of bestel direk by ons teen die gewone prys. Kontak agente@annaemm.co.za vir 'n agent in jou area.

Pasop vir die Bommelman...

...hy steel jou goed!

Vier nuwe lekkerluister Afrikaanse kinderstories!

STORIES OP DIE CD:

- * Hoe die bommelman die skooljuffrou se woorde gesteel het
- * Hoe die bommelman die kinders se skaduwees gesteel het
- * Hoe die bommelman die seeslakkies se skulpies gesteel het
- * Hoe die kinders die bommelman gevang het



annemm
kinderstories

Spesiale aanbod:
Kry jou Bommelman CD + A4 pretpak
hierdie week @ slegs R100!

Gewone pryse: CD R95 | Pretpak R20 - Geldig tot 20 April 2015

Kontak 021 930 0908 | lekkerbekkie@annaemm.co.za vir 'n agent in jou area!
Aanbod sluit 20 April 2015.

Word 'n Anna Emm storie-agent in 2015!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak agente@annaemm.co.za | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

Die seesokkies illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za